NUUSBRIEF

Nommer 39
15 November 2019

LAER VOLKSKOOL

GRAAFF-REINET

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

LOOTJIEVORMS
Alle **lootjievorms of R500 MOET** asseblief op Maandag, **18 November 2019** by die klasonderwyser ingehandig word.

SKOOLTYE
Maandag, 18 November 2019: 08:00 – 12:00 (Gr 4 – 7)
Dinsdag, 19 November 2019: 08:00 – 09:00 (Gr 7)

SKRYFBEHOEFTELYS
U ontvang vandag die skryfbehoeftelys vir 2020. Elke leerling ontvang ‘n pakkie met skryfbehoeftes van die Departement. Kontroleer asseblief met die Skryfbehoeftelys wat u dan nog moet aankoop.

RAPPORTE
Rapporte kan op 4 Desember vanaf 9 tot 10 uur by die klasonderwyser in die vierkant deur die ouers afgehaal word. Indien die ouer dit nie self kan afhaal nie, moet ‘n skriftelike toestemmingsbrief na die skool gestuur word wat ‘n ander persoon magtig om die rapport te ontvang.

Indien u nie die rapport kan afhaal nie, moet u ‘n volledig geadresseerde koevert met ‘n seël na die klasonderwyser stuur. Die rapport sal dan na u gepos word. Rapporte wat nie afgehaal word of nie gepos word nie sal tot volgende jaar in die kluis gehou word.

KLEREWINKEL
Die winkel sal op die volgende tye oop wees. Vrydag, 22 November 2019 vanaf 10:00 – 11:00.

Volgende jaar:- Maandag, 13 Januarie en Dinsdag, 14 Januarie 2020 (09:00 – 16:00) en Woensdag, 15 Januarie 2020 (09:00 – 12:00) sal die winkel oop wees vir aankope.

Kontakpersoon: Tania Meiring by 0835060664.

GEDRAGSKODE
Die hersiene Gedragskode vir 2020 is in die kantoor tot 29 November 2019 ter insae.

EPOS

Daar is ‘n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

LIANI REYNOLDS - MUSIEKKONSERT

Datum: 21 November 2019
Plek: REINET MANOR
Tyd: 18h30 vir 19h00
Volwassenes R120, Kinders R50

Die OOV nooi almal om heerlik saam te kom kuier tydens die geleentheid. Kaartjies is by Brenda by LVS se kantoor beskikbaar. Kaartjies sal ook die aand by die deure beskikbaar wees. Kroegfasiliteite is beskikbaar. Pak ‘n piekniekmandjie en bring die hele gesin!

IRENE MYNHARDT moes ongelukkig haar kunsuitstalling kanselleer. Ons hoop om haar weer in 2020 te nooi.

SPORT

CHINELLE SCHOOL OF DANCE

Die volgende leerlinge het op Vrydag, 8 November hulle AIDT Modern and Tap dans eksamen afgelê.

Miané van der Merwe, Nieke van Jaarsveld, Annabelle Kruger, Monique Nell en Kate-Lynn Kruger. Baie geluk aan julle!

SWEM

Zenicke van Schalkwyk het op 2 November 2019 aan ‘n C-groep gala te Port Elizabeth deelgeneem. Die uitslae is as volg:

Rugslag - 2de plek en Vryslag – 8ste plek. Baie geluk Zenicke!

GEDAGTE VIR DIE WEEK

HOU OP KRITIES WEES

As jy graag geluk wil vind
en wil wegkom van spanning en vrees,
soek na die mooie in almal om jou
en hou op om krities te wees.

Spreuke 3:13

D. Joubert (Skoolhoof)

Epos: *hoof*@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803

ADVERTENSIES

KLAVIER TE KOOP

Vir verdere inligting kontak gerus

Mev Joy Kingwill by 049 5550026 of 0832369342,

eposadres: peter@kingwill.co.za